

Laaste Avondmaal – oordenking vir  
Wit Donderdag  
Matteus 26:17–31



<https://www.kirchenjahr-evangelisch.de/article.php#958>

I

Dit was die Donderdagaand, op die vooraand van Jesus se kruisiging die Vrydag. Jesus het op hierdie aand die laaste keer die Avondmaal van die Joodse Pasga gevier en in die plek daarvan die Heilige Nagmaal ingestel. Die Nagmaal sou voortaan vir Christen-gelowiges nog dieper betekenis as die Joodse Pasga kry. En sedertdien is die nagmaal die hart van ons Christelike aanbidding, dit sit in die kern van ons kerk-wees. Rondom die nagmaal word ons aan Jesus Christus verbind, ingebind in sy liggaam, en vasgebind aan mekaar. Hier, rondom die tafel, tree ons toe tot intieme gemeenskap met die Drie-enige God en beleef ons egte gemeenskap met mekaar. Hier, rondom die tafel en in die brood en wyn, is die Here op 'n besondere manier by ons teenwoordig, deel Hyself vir ons die tekens van sy heil uit, so konkreet doen Hy dit dat ons dit kan ruik en proe en voel en sien – met al ons sintuie, 'n belewenis wat ons met ons hele liggaam beleef - liggaamlik. Dis is my Liggaam, dit is my bloed, sê Hy vir ons.

II

Ten diepste is die kerk nie 'n gemeenskap wat rondom 'n bepaalde geloofsbelydenis of 'n teologiese tradisie of -geskiedenis ontstaan nie. Ons word nie saamgebind deur 'n gemeenskaplike oortuiging of 'n spesifieke taal of kultuur nie. Wat ons saambind is nie dinge

wat mens in woorde kan sê nie, of rasideel kan verklaar nie. Nee, ten diepste is kerk-wees 'n tafelgemeenskap, 'n liefdesgemeenskap waarin ons ingetrek word en waaraan ons deelneem rondom die viering van die Nagmaal. En wat met ons gebeur as ons saam Nagmaal vier, kry jy moeilik in woorde gesê; dis eerder iets wat jy met al jou sintuie beleef, 'n inlewing in 'n gebeurtenis waaraan jyself deel kry, 'n diepe misterie wat telkens weer gebeur – iets wat mens beleef, jy neem deel daaraan, al kry jy dit wat hier gebeur moeilik in woorde verduidelik. En dit het alles daardie Donderdagaand voor Goeie Vrydag begin. Dit is wat ons vanaand vier.

Daarom gaan ek nie verder verduidelik nie; ek gaan net maar weer die storie vertel, sodat ons dit kan beleef.

### III

Die NawEEK was dit die viering van Pasga in Jerusalem. Die stad was vol mense, gesinne wat hulle lammertjies as offers gebring het, en saam die aandete wou nuttig as herdenking van daardie nag toe God hulle uit Egipte verlos het – 'n herinnering aan die lam se bloed aan die deurkowsyne. Jesus en sy dissipels het ook die nodige voorbereiding getref vir die Pasga ete in iemand se 'n bovertrek. Dit was 'n baie besonderse aand, 'n aand van afskeid. Jesus was baie bewus dat sy tyd gekom het; dit sou hulle laaste aandete saam wees.

Johannes vertel dat Jesus daar in die bovertrek eers sy dissipels se voete gewas het, een vir een. Nederig, diensbaar doen Hy dit. Daarmee wys Hy vir sy dissipels iets baie besonders: dis 'n simbool van die soort liefde wat Hy vir hulle het, maar dis tegelyk ook 'n voorbeeld van die deernis wat hulle vir mekaar moes hê. En toe praat Hy met hulle oor liefde vir mekaar, gee Hy dit as nuwe gebod wat hulle lewens moes kenmerk. Daar rondom die tafel bind Hy hulle in liefde aan mekaar. Maar Jesus was ook ontsteld, want Hy het geweet van Judas wat hom sou verrai, en die ander wat Hom sou verloën. Dit was gelade momente. Dié nawEEK sou daar nog geweldige dinge gebeur.

En toe, daar rondom die tafel waar hulle saam was, die tafel waar hulle “aangelê” het, neem Jesus die brood, sê dankie daarvoor, breek dit en gee dit vir hulle. Neem, eet, dink daaraan en glo dat my liggaam netso gebreek word as versoening vir al julle sonde. En na die ete het Hy die beker geneem, daarvoor gedank, en dit vir hulle aangegee. Neem, drink almal daarvan, dink daaraan en glo dat my bloed netso vloei tot vergewing van al julle sondes. Vir elkeen van sy dissipels het Hy dit aangegee, vir hulle almal saam, al het Hy geweet van hulle verraad en verloëning wat kom. En dis nie net vir julle bedoel nie, maar vir al die geslagte van gelowiges wat sou kom. Doen dit tot my gedagtenis, totdat Ek weer kom. Wanneer julle dit gebruik sal dit julle help onthou wat die nawEEK alles gebeur, my verlossingsdaad aan die kruis en my oorwinning oor die graf – 'n herinnering aan my liefde.

Rondom die tafel ontvang die dissipels die brood en wyn uit sy hand. Daar ontvang hulle vergiffenis. Daar beleef hulle gemeenskap met die Here self, word hulle so deel van sy liggaam en sy bloed asof dit hulleself is wat aan die kruis sou sterf en weer sou opstaan uit die dood, as begenadigde sondaars. En daar word hulle aan mekaar gebind, as liefdesgemeenskap. Daar word die kerk gebore.

### IV

Maar wanneer ons nou vanaand nagmaal vier, gebeur dieselfde dan ook met ons? Presies wat gebeur met ons wanneer ons van die brood eet en die wyn drink? Presies hoe gebeur dit alles in die nagmaal? Hoe is die Here hier teenwoordig? Of is dit bloot net 'n herinnering, 'n viering van wat eenmaal, lank gelede gebeur het?

Nee, daar gebeur inderdaad iets met ons in die nagmaal, iets wonderliks.

En dis net hier waar ons woorde opraak, waar ons die misterie nie meer in woorde kan verduidelik nie. Ons beleef dit net, ons word meegeneem, ons word deel daarvan. Ons weet

net dat dit die Here self is wat hier teenwoordig is, wat Homself in intieme gemeenskap aan ons kom bind, wat ons begenadig, wat ons in liefde omhels, wat ons so naby Homself trek, so innig deel van sy liggaam en sy bloed maak dat ons dit letterlik kan eet en drink, in onself kan opneem, deel van ons eie liggame en lewens kan maak – ‘n misterie waaraan ons ons net maar nederig en dankbaar kan meedoen! Ons voel dit, ons proe dit, ons ruik dit, ons hoor en sien dit, met al ons sintuie, maar presies hoe dit gebeur kan ons nie in woorde sê nie. Dis ‘n wonder, dis wonderbaarlik! Dit vul ons met verwondering, met diepe dankbaarheid, met kinderlike geloof.

En daarom is die uitnodiging, hier aan die vooraand van Goeie Vrydag en die Opstanding-Sondag, uit die Here se eie mond kom die uitnodiging: kom word deel van My, kom verenig met My, kom ontvang My liggaam en bloed, kom deel in my sterwe en opstanding, dis vir jou bedoel ...

## V

‘n Laaste gedagte: wanneer ons dan die hand uitsteek om die brood te eet en die wyn te drink, dan kan ons mos nie onaangeraak van die tafelgemeenskap af opstaan nie. Dan kan daar niks anders as dankbaarheid in ons harte wees nie. ‘n Dankbaarheid wat uiting vind is ons aanbidding, in ons getuienis, in ons goeie werke, in ons diens aan ander, ons gasvryheid, ons gesindheid van voete-was en deernis vir ander, uiting in ons omhelsing van die ander, omdat ek self so onverdiend kon tuis kom in die omhelsing van God se genade en liefde.